Lêer verw: 15/3/3-2/Erf-553

Navrae:
Mnr A J Burger

26 Februarie 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Geagte Meneer

**VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 553, CHATSWORTH**

Let asseblief daarop dat hierdie skrywe die skrywe gedateer 3 November 2020 in totaliteit vervang.

U aansoek met verwysingsnommer 260~553-Chats, gedateer 25 Augustus 2020, namens DM Jones, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1 gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om hersonering van Erf 553, Chatsworth, ingevolge artikel 70 van die bogenoemde Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

a) Erf 553 word hersoneer vanaf Residensiële Sone 1 na Sakesone 2, ten einde 'n winkel te akkommodeer, soos in die aansoek voorgehou;
b) Bouplanne aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging van goedkeuring voorgelê word;
c) 'n Minimum van 6 parkeerplekke en 1 laaisone op die perseel voorsien word ooreenkomstig paragraaf (d);
d) Parkeerplekke en laaisone van 'n permanente, stofvrye oppervlakte voorsien word, hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
e) Aansoek om die oprigting/aanbring van advertensieborde aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
f) Aansoek om 'n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit en 'n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit gedoen word;

**2. WATER**

a) Die erf voorsien word van 'n enkele wateraansluiting;

**3. RIOOL**

a) Die erf voorsien word van 'n enkele rioolsuigtenk van geskikte grootte;

## 4. STRATE EN STORMWATER

a) 'n Bydrae van R 42 777,84 (BTW uitgesluit) vir die opgradering van Queenstraat, aangrensend tot Erf 553, gemaak word;
b) Die bydrae is op bouplanstadium betaalbaar;
c) Die parkeerplekke met in begrip van die laaisone van 'n geskikte permanente oppervlak voorsien word.

## 5. ALGEMEEN

Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76 (2)(w) van die Verordening, geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Die voldoening aan alle goedkeuringsvoorwaardes moet geskied alvorens die okkupasiesertifikaat vir die nuwe gebou uitgereik word. Indien die eienaar/ontwikkelaar ingebreke bly sal die goedkeuring verval.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

*Afskrif : Boubeheerbeampte*
*Direkteur : Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur : Finansiële Dienste*
*DM Jones, Radnorstraat 553, Chatsworth, 7353. Epos: m.jones63cc@gmail.com*